Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

’n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

April 2019

Geseënde Paasfees!

Ferdinand Postma
pionier van Christelike onderwys in Suid-Afrika

www.gksa.org.za

Inhoud

April 2019

JAARGANG 121, NO. 3333 - April 2019

1 VAN DIE REDAKTEUR
Geseënde Paasfees

4 UIT DIE WOORD
Ware dryfkrag

6 REDAKSIONEEL
Teologiese Skool 150 – Die prediking van prof. Dirk Postma

8 BRANDPUNT
Eiegeregtigheid, narsisme en jy

10 KOMMENTAAR
Hofuitspraak oor gay verbintenisse en die NG Kerk mag verreikende implikasies hê

11 Hofuitspraak oor NG Kerk en gay lidmate: 'n "verdere" opinie

FOKUS

12 Drieërlei dood doodgesterf ... lewensvolheid weer oopgebreek!

14 Jesus Christus verkondig die liggaamlike opstanding

16 Die geskiedenis van die TSP – 3

19 Die Burgersdorp Kultuurhistoriese museum

22 Ferdinand Postma – 1

24 Briewe van ons lesers

28 Lief en Leed

29 Kerklike administrasie

30 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2018 – 30 Junie 2019):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R275
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R396
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R372
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R115

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

"Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee."

– Jesaja 25:8

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.



Geseënde Paasfees

Draaipunt van die geskiedenis
Ons vier in hierdie dae Paasfees. Daarmee herdenk ons die dood en opstanding van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Daardie Paasnaweek was (en is) die belangrikste drie dae in die ganse geskiedenis. Dit was die draaipunt, die beslissende moment in die stryd tussen God en Satan, tussen hemel en hel. Belangriker as enige ander gebeurtenis ooit.

Natuurlik is dit onlosmaaklik verbind aan al die ander heilsgebeurtenisse op Christus se verlossingpad, sy geboorte in die vlees, sy hemelvaart, die uitstorting van sy Gees op Pinksterdag, sy wederkoms op die wolke. Sonder een van hierdie gebeure sou daar geen verlossing wees nie. Maar die Paasgebeure is die beslissende moment, waarsonder sy koms na hierdie wêreld as mens tevergeefs sou wees en sy hemelvaart, Pinkster en sy wederkoms nooit sou plaasvind nie. Besef ons nog elke dag die ewigheidsimplikasies van Paasfees?

Geseënde Paasfees

In die vroegste jare van die kerk se bestaan het Christene mekaar graag op straat gegroet met die woorde: *"Die Here het waarlik opgestaan."* Met die waarheid van die opstanding staan of val alles, in die wêreld, in die kerk, in elke mens se persoonlike lewe. Hier gaan die paaie tussen geloof en ongeloof onherroeplik uitmekaar.

Ontkenning of verwerping

Dit moet ons dan ook nie verbaas dat Satan sy aanslag meer as ooit op hierdie sentrale waarheid van die evangelie toespits nie, selfs tot in die midde van die kerk. Daar is teoloë wat Christus se liggaamlike opstanding openlik bevraagteken of as onbelangrik beskou. Daar is geleerdes wat sê dood is dood, wat sê Christus het hoogstens in die gedagtes van sy volgelinge opgestaan, wat sê dat Christus nie meer is as Allah of Mohammed of Boeddha nie.

Dit is egter ook die gees van die tyd waarin ons leef, dat met hierdie allergrootste waarheid nie rekening gehou word nie, dat dit eenvoudig geïgnoreer word. Maar dit geld nie net vir vandag met die mens wat al hoe groter word in sy eie oë en hom aanmatig dat hy oor al die kennis beskik nie. Daar was van die vroegste tye af mense wat gesê het daar is geen opstanding nie (vgl. 1 Kor. 15:12). Daar was al in die tyd van Korinte mense wie se lewensmotto (soos dié van miljoene vandag) was: *"Laat ons eet en drink, want môre sterf ons."*

Implikasies

Dit is juis in 1 Korintiërs 15 dat Paulus hierdie dwaling ontmasker en in die duidelikste taal die waarheid van Christus se opstanding verkondig. Enigiemand wat die opstanding van die dooies ontken, ontken daarmee ook dat Christus opgestaan het. En nou sê Paulus as Christus nie opgestaan het nie, dan is sy prediking (en dié van elke dominee vandag) tevergeefs (leeg). Dan verkondig hy 'n leë evangelie. Om te preek, is om 'n boodskap te bring. Wat is 'n boodskap as dit geen inhoud het nie?

As Christus nie opgewek is nie, dan is ons geloof tevergeefs en nutteloos, want dan glo ons hierdie inhoudlose evangelie. Geloof is veronderstel om vir jou 'n anker te wees in jou lewe. Geloof gee sin aan die lewe.

As Christus nie opgewek is nie, dan was ons nog in ons sondes. Dan is die straf op die sonde, die ewige dood, nie gedra en oorwin nie. Dan wag die ewige straf op ons en alle gelowiges wat reeds gesterf het.

Waarheid van die opstanding

"Maar nou, Christus is opgewek uit die dood." So skryf Paulus in 1 Korintiërs 15:20. *Maar nou.* Net twee woorde. Hier verander alles. Dit is die skarnier waarop die hele geskiedenis draai. Die woord "maar" dui die teëstelling aan, die keerpunt. En die woordjie "nou" beteken letterlik: nou, op hierdie oomblik. In die Griekse taal word die intensiewe vorm gebruik, met besondere klem.

En dan het die woord ook 'n meer figuurlike betekenis. Ons kan dit vertaal met: soos sake nou staan; wat die feitelike situasie betref. Paulus wil sê: Wat is die feite, nou, hier vandag? Wat is die werklikheid, die groot allesbeheersende waarheid? Christus is opgewek uit die dood. Hy het die dood, die ewige dood, oorwin. Hy het die straf op die sonde gedra.

En daarom is die prediking nie tevergeefs nie. Dit is die evangelie van redding vir elkeen wat glo. Dit is nie sonder inhoud nie, maar vol van troos en krag, want dit is die verkondiging van die lewende Christus, die Oorwinnaar oor sonde en dood en graf. Dit is die genademiddel waardeur die Heilige Gees die ware geloof werk en versterk. En hierdie geloof is nie tevergeefs en nutteloos nie. Dit gee rus en krag en sekerheid in hierdie lewe. Dit gee troos en uitsig in die ouderdom en by die dood.

Hulle wat glo in die opgestane Christus behoort aan Hom met liggaam en siel in lewe en in sterwe. Hulle is nie meer in hulle sondes nie, maar vrygekoop, verlos. Hulle ontslapenes is nie verlore nie. Hulle leef om nooit weer te sterf nie. Hulle jubel voor sy troon in die blye verwagting van die opstanding van die liggaam op die dag van sy wederkoms.

En so mag ons ook jubel. Hy leef en ons sal lewe, nou en tot in ewigheid. Dit is die Paasevangelie. Die Here het waarlik opgestaan. Geseënde Paasfees. CFCC

Prof. G Breed (Gert) (Teologiese Skool Potchefstroom)

Eiegeregtigheid, narsisme en jy

In 2 Timoteus 3:1, 2 staan die volgende: *"Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom, want die mense sal liefhebbers van hulleself wees ..."* Dit was seker tot 'n mate waar in alle tye, maar navorsers stem saam dat dit in ons tyd grootliks toeneem. Eiegeregtigheid, of in Engels "entitlement", kan as die siekte van ons tyd beskou word.

Voorkeurbehandeling

Eiegeregtige persone voel hulleself geregtig (*entitled*) op voorkeurbehandeling, al sou dit ander mense benadeel. In die Bybel ontmoet ons heelwat sulke mense. Jona is 'n goeie voorbeeld. Hy voel hy is geregtig op die koelte wat die Here gee, en vervies hom liederlik wanneer die Here dit wegneem, maar hy gee nie 'n flenter om vir die mense van Ninevé nie. Dawid voel hom geregtig om 'n ander man se vrou te vat en haar man dood te maak, sonder 'n aanvanklike gedagte aan die onreg wat hy pleeg en die skade wat hy God se saak aandoen.

In Suid-Afrika is dit amper nog makliker om voorbeelde te kry. Kom ons verwys maar net na mense wat deur die Zondo-kommissie uitgewys word, of mense wat die VBS-bank geplunder het. Hierdie artikel se doel is egter nie om maar net die vinger na ander te wys nie, dit wil ons eerder elkeen tot selfondersoek lei.

Narsisme

Eiegeregtigheid en narsisme is bedmaatjies. Die woord "narsisme" kom van 'n ou mite waarin 'n beeldskone man met die naam Narcissus op sy eie beeld in die water verlief geraak het. Ons kan sê dat eiegeregtigheid 'n simptoom van narsisme is.

Die narsistiese persoon is op homself gefokus, het 'n gebrek aan empatie met ander mense, het 'n groot behoefte aan bewondering en het drome van beroemdheid. Dit is iemand wat sy behoefte aan bewondering en erkenning vanuit die sosiale omgewing wil bevredig. Ons kan tot die gevolgtrekking kom dat 'n eiegeregtige persoon 'n narsis is wat nooit heeltemal vrede maak met wie en wat hy is nie, maar voortdurende frustrasie beleef omdat hy homself afhanklik stel van ander mense om sy waarde as mens te bevestig, en dit van hulle eis om dit te doen.

Ons kan verstaan dat daar verskillende vlakke van eiegeregtigheid en narsisme is, maar dit is ook so dat eiegeregtige persone dit altyd moeilik maak vir die mense rondom hulle. Eiegeregtigheid maak 'n naby, vertrouensverhouding moeilik en breek dikwels verhoudings. Eiegeregtige mense leef dikwels met woede in hulle, omdat hulle dink dat hulle nie van ander die liefde, eer en erkenning kry wat hulle glo hulle verdien nie. Hierdie woede kan ook oorsit in 'n woede teenoor God as die een wat, volgens hulle, die hoofoorsaak is daarvan dat hulle behoeftes nie bevredig word nie. Hulle gebede is dan nie meer aanbidding van die Almagtige nie, maar 'n geleentheid om te eis wat hulle dink hulle toekom.

Hoe moet ek optree?

Hoe moet ek optree teenoor eiegeregtige persone? Dit gaan nie help om maar heeltyd toe te gee aan hulle eise nie, die eise gaan nooit ophou nie. Dit gaan ook nie help om hulle net te konfronteer oor hulle optrede nie, hulle verstaan dikwels nie hoekom jy nie kan insien dat jy hulle beroof van wat hulle toekom nie.

’n Narsisties-eiegeregtige persoon het nodig om begelei te word om sy diepste oortuigings eerlik te ondersoek en aan die Skrif te meet. Ons optrede vloei voort uit emosies wat weer op hulle beurt voortvlei uit vasgelegde oortuigings. Dié oortuigings kan beskou word as die wortel waaruit eiegeregtige optrede voortvloei.

Die Here laat dikwels sy eiegeregtige kind vasdraai in die gevolge van sy optrede. Jy verloor jou werk vanweë die konflik wat jy daar veroorsaak, jou verhouding met jou gesin versuur só dat julle uitmekaar dryf, jy word ’n eensame, ongelukkige mens. Op hierdie manier maak die Heilige Gees iemand gereed om diepe selfondersoek te doen. Dit kan ook wees dat die Here iemand stuur om jou met God se Woord in liefde aan te spreek, soos Natan vir Dawid begelei het tot insig in sy eiegeregtigheid.

Bereid om te luister

Wanneer ’n eiegeregtige persoon bereid raak om te luister, kan ons met hom na God se Woord gaan en saam ontdek wat dit beteken om Jesus Christus se navolger te word. Verskillende Skrifgedeeltes kan gebruik word om die gesindheid van Christus aan die eiegeregtige persoon duidelik te maak. Jesus se begeleiding van sy dissipels volgens die Evangelies kan saam bestudeer word. Jesus begelei sy dissipels om te verstaan dat dié wat “groot” of “eerste” (vgl. Mark. 10:42-45; Matt. 20:1-28) wil wees, almal se dienskneg moet word in afwagting van die eer wat God gee (vgl. Joh. 12:26). Filippense 2 beskryf ook die gesindheid van Christus, sowel as 1 Petrus 4:8-11 en 5:1-11. Die persoon wat eiegeregtige oortuigings gekoester het, moet dié oortuigings dan as leuens identifiseer waardeur Satan hulle wil beroof, en hulle moet die nuwe oortuigings (God se waarheid) deur harde werk hulle eie maak (vgl. Ef. 4:17-24).

Die persoon moet nie maar net begelei word om sy behoefte aan liefde en erkenning te onderdruk nie, hulle moet eerder begelei word om daardie ingeskape behoefte op God se manier te bevredig (Jes. 55:1; Jer. 2:13; Joh. 7:37).

Langsame proses

Natuurlik is hierdie dikwels ’n langsame proses van val en opstaan, want oortuigings en gewoontes wat oor jare vasgelê is, word nie oornag verander nie. Daarom het so ’n persoon iemand nodig wat hy vertrou en wat hom verantwoordbaar hou. Dit vra volharding en telkens terugkom om weer voor God te kom staan, jou sonde te bely, vergifnis te ontvang en om weer jou toewyding om volgens jou nuwe oortuigings te lewe, biddend te bevestig. Dit vra voortdurende soeke na die vervulling met die Gees van God. Ons glo egter dat God se Gees ons kan versterk om te volhard en gaandeweg Christus se gesindheid deel te maak van ons wese. Ons as dissipels van Jesus Christus moet hierdie boodskap uitdra en uitleef in ’n wêreld vol van eiegeregtigheid. DK

Dr. JP Bingle (Johannes) (emeritus)

Drieërlei dood doodgesterf

… lewensvolheid weer oopgebreek!

Mense is geneig om liewer meer te wil hoor van die nuwe lewe wat in Christus vir ons aangebreek het as om elke jaar in Paastyd ook stil te staan by sy sterwe en begrafnis en die sogenaamde neerdaling na die hel. Ons wil liewer oor lewe dink en gedagtes aan die dood doodleef.

Dit is waarskynlik so omdat die begrip *dood* van kleinsaf soveel vrees-assosiasies vir 'n mens inhou:

- **Jy sidder dalk as jy dink aan die onbekendheid van die dood – so alleen, so ver van almal wees, so 'n donker diepte.**
- **Jy kry dalk koue rillings as jy verder dink hoe dit moet wees as die kis jou liggaam so strak soos 'n plank daar onder die aarde inkamp en indamp.**
- **Jy dink derdens dalk aan die duur van die dood – as jy klaar geleef het, hou die dood aan en aan.**

Dink jy aan dood, oorheers hierdie drie donker assosiasies die denke: alleenwees, kouddood onder stof lê en stof word, en 'n lang lank sonder einde.

Maar as ons in die geloof vanuit die *sterwe* en *begrawe wees* en die *neerdaal na die hel* van ons Here Jesus Christus dink, kom ons onder die indruk daarvan dat sy dood en begrafnis en neerdaling juis hierdie drie donker assosiasies van die dood vir ons verdof en *vervang*. Want dit gaan in hierdie drie skaduwees oor die *geestelike* dood, *liggaamlike* dood en *ewige* dood wat Christus vir ons stukkend gesterf het. Hy het die drieërlei dood deurly en sodoende weer lewensvolheid vir ons oopgebreek!

Die geestelike dood is doodgesterf

Geestelike dood is daar waar daar geen gemeenskap met God is nie. Dit tree in waar die band met God verloor word – soos toe Adam en Eva in ongehoorsaamheid bande met God gebreek het.

Op die sonde van wegbreek moes die straf wees: 'n Godverlate dood. So hang Jesus aan die kruis tydens die Paasfees as mense Hom verwerp en die aarde Hom uitstoot die niks in, en die hemel Hom in die dieptes van dié niks afdruk. Hy sterf in alleenheid.

Maar so is ons ou wegloop-van-God natuur stukkend gesterf deur Hom! Ons kan deur die krag van Christus nou terugkeer na God toe. Jesus staan weer op ná die donker misterie aan die kruis.

Al kom my einde dan nader, is dit tog 'n terugkeer na God toe – selfs deur die dood heen! Want al is die sterfpad so 'n alleenpad, al moet ek in die doodsdal diep en donker van alle hulp ontbloot in my alleenheid staan, is dit in Christus 'n pad na lewe waarop ek nooit alleen gelaat word nie, waar ek geen doodsvrees of verskrikking ken nie (Ps. 23).

Die liggaamlike dood is stukkend gesterf

Jesus is verder in sy vernedering leweloos 'n graf in. Hy sterf dus ook die tydelike dood, die liggaamlike dood in die tyd. Dit is die dood wat sedert die begin van die geskiedenis ná die sondeval nog altyd intree: die liggaam kan teen dié mag die lewe nie behou nie (Ps. 89).

Ook die graf met sy kilheid en somberheid is nie onbekende terrein nie, nie niemandsland nie, want my Here was ook dáár vir my! Ook in hierdie dieptepunt, die hart van die aarde, is Hy Borg en Bevryder – Hy sterf ook die tydelike dood vir ons stukkend!

Hy sterf soos ons, maar ook *vir* ons. Die grafte en herinneringstekens aan ons einde is nie eindpunte nie, maar deurlooppunte waardeur die lig van nuwe lewe wink. Die kerkhof is nie sonder meer die terrein en domein van die dood nie, nie 'n doodsakker nie, maar deur Christus se liggaamlike dood is dit die akkerland waar God se saad sal ontkiem en groei.

Jesus, die Eersteling van die oes, het die dood gedood. So het Christus werklik gesterf vir sterflike mense sodat hulle werklik kan leef.

Die ewige dood is ook ont-settend gesterf

Dit word bely met die woorde dat ons Here ook neergedaal het na die hel. Wanneer is Hy die ewige dood in? Nie ná sy liggaamlike dood nie, al staan dit in ons belydenis agteraan asof dit kronologies volg op sy dood en begrafnis – dit is 'n samevattende tipering van al sy lyde.

Maar toe Hy uitgeroep het: *"Dit is volbring!"* (Joh. 19:30), het Hy die helse smarte reeds voluit deurly, en kon Hy sterwend ook met 'n harde stem uitroep: *"Vader, in u hande gee Ek my gees oor!"* (Luk. 23:46). So het Hy vir ons ook die ewige dood gesterf, ons ontset om ewig te mag lewe.

Hierdie diepste dieptepunt bring ons nou op die hoogste hoogtepunt van die geloof: die ewige lewe met en by God; Hy ewig by ons!

Geseënde Paastyd en herdenkingstyd toegebid! Ons Here het die drieërlei dood vir ons ingegaan. En Hy het uit elkeen gekom as Oorwinnaar wat deur nie een vasgehou kon word nie. Lééf in Hom, want die donker dood in drievoud (geestelik, liggaamlik, ewig) is doodgesterf – sodat jy nou en vir altyd lewensvolheid mag hê.

Pasga en Pase gaan nie oor dood nie, maar oor Christus se dood waardeur ons *lewe*! DK

Prof. PH Fick (Rikus) (Teologiese Skool Potchefstroom)

Die Skool in Burgersdorp

Die geskiedenis van die TSP (3)

Tydens die beginjare in Burgersdorp moes die Skool met vrywillige bydraes al die onkostes vir die opleiding van die teologiese studente dek. Eers in 1873 word 'n raming per 100 lidmate vasgestel. Tog moes die kuratore telkens persoonlik die oortrokke rekening by die bank waarborg. Die buitekamers by die pastorie het mettertyd te klein geword en die boekevoorraad het ook te groot geword vir die beskikbare ruimte. Die werkslading by die skool is ook nadelig beïnvloed deur 'n beroep wat Cachet in 1874 na Philipstown aangeneem het.

Teologiese professor beroep

'n Besondere mylpaal is op die Sinode van 1876 bereik toe die predikante van Burgersdorp formeel losgemaak is van die verbintenis aan die Skool en 'n teologiese professor beroep is. Dit is ook aan die kuratore opgedra om 'n professor vir die voorbereidende Literariese Afdeling te benoem. Laasgenoemde het noodsaaklik geword. Predikante kon nie opgelei word sonder kennis van die ou tale en ander wetenskaplike vorming nie, en daar was nie skole waar dit kon gebeur nie. Die enigste oplossing was dat die Skool dit self moes voorsien, maar daar was nie dosente nie.

Met die oog hierop het prof. Dirk Postma sy seuns ingeskryf by die Kaapse Universiteit, waarvoor hy aanvanklik verkwalik is. Hulle het egter daar grade verwerf wat hulle geskik gemaak het vir die werk by die Literariese Afdeling.

By die Sinode van 1876 was ds. D Postma en proff. Van Velzen en De Cock van Kampen in Nederland op die groslys vir die teologiese professor. Postma is met 'n groot meerderheid van stemme beroep, maar hy wou dit nie aanvaar nie omdat hy van mening was dat die beroeping van 'n professor uit Nederland die Skool sou "verbeter". Hy het egter steeds bly waarneem. Dit was duidelik dat die ouderlinge by hierdie Sinode besluit het dat die teologiese professor iemand uit hulle eie midde moes wees, ongeag die beeld van die Skool na buite.

Kollegas

Ds. D Postma se eerste kollega in die nuwe bedeling was sy seun Petrus. Ná Petrus het sy broer Marthinus en daarna Stefanus met groot sukses in die Literariese Afdeling gedien. Al drie hierdie Postma-seuns het egter ná enkele jare predikante geword. Ná die vertrek van Stefanus Postma doen PC Snyman en JA du Plessis diens en daarna Dirk (ook 'n seun van prof. Dirk Postma) en Ferdinand (seun van ds. Marthinus Postma).

Eersgenoemde drie het later ook predikante geword, terwyl prof. F Postma die leidende rol gespeel het om die Literariese Afdeling tot PUK in 1919 en die selfstandigwording van die Universiteit in 1950 te laat ontwikkel.

In 1886 word die Vrye Christelike Skool gestig en die gebou daarvoor aangeskaf wat ook die Teologiese Skool sou huisves.

Rol van prof. Jan Lion-Cachet

Ná die dood van prof. D Postma op Sondag 28 Desember 1890 het die Sinode van 1891 ds. Marthinus Postma van Middelburg beroep. Hy het egter op aandrang van sy kerkraad bedank. Ds. Jan Lion-Cachet het eers tydelik, en nadat hy deur die Sinode van 1894 beroep is, permanent die vakature gevul.

Cachet het hom nie net aan die teologie nie, maar ook aan die stryd van die Afrikaner in al sy fasette toegewy. Hy het byvoorbeeld by die Eerste Afrikaanse

Die Studentemonument (Gloria Victis) (foto regs bo) is op Potchefstroom opgerig ter nagedagtenis aan die studente en oudstudente van die Teologiese Skool, toe nog op Burgersdorp, wat in die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel het. Hulle was Karel David Coetsee, Calman Efraim Lion Cachet (foto links bo), Jacob Philippus Maré, Johannes Abraham Venter en Jan Christoffel Kruger, almal met die rang kommandant. Die studente het in hierdie kamers in die pastorie in Burgersdorp gebly tydens hulle studies.

Taalkongres wat in 1896 in die Paarl gehou is, 'n belangrike bydrae gelewer en 'n bekende stryder vir die taal geword.

Omstreeks 1885 het die Skool 'n besondere hoogtepunt belewe. Kandidaat Stefanus Postma, die eerste student van die Literariese Afdeling wat die Kaapse Universitêre BA-graadeksamen afgelê het, het met lof geslaag en die hoogste punte daardie jaar in die Kaapse eksamens behaal. Groot gewag is gemaak van die besondere aansien wat dit die Skool gegee het. Dit het gou duidelik geword dat die Skool wat in 1879 maar nege en teen 1898 maar 30 studente gehad het, 'n krag was vir die behoud van die gereformeerde geloof teen die gety van die Liberalisme, hoewel Engels ook onder Gereformeerdes in die Kaapkolonie en selfs onder die studente baie meer mode begin word het.

Die Anglo-Boereoorlog

Reeds toe verskeie opsies oorweeg is om die Teologiese Skool in Burgersdorp elders heen te verskuif, het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek. Die Afrikaners in Burgersdorp, wat deel was van die Kaapkolonie, moes kies tussen lojaliteit aan die destydse Engelse regering of getrouheid aan die Boere van die noorde met wie hulle geloofs-, volks- en familiebande gehad het. Die studente wat aan die voete van professore gesit het wat die stryd van die Afrikaner op talle terreine help bevorder het, was besiel met die ideaal: "Vir ons taal, ons nasie, ons land." In hulle studenteblad het hulle dit duidelik gemaak dat hulle nie kon stilsit en toesien hoe hulle bloedverwante in die noorde doodgeskiet word nie.

Toe die oorlog uitbreek, was daar 30 studente. Diegene afkomstig uit die Republieke het teruggegaan om by die kommando's aan te sluit, hoewel hulle nie opgekommandeer is nie. Die Skool se werksaamhede kon voortgaan, maar die oorblywende studente het gevra of die Skool kan sluit sodat hulle huis toe kon gaan. Die professore en kuratore wou dit nie toestaan nie, maar het wel ingestem dat diegene wat wou, kon vertrek. Toe dit blyk dat Britte vanuit Kaapland gaan optrek, het 'n Vrystaatse kommando Burgersdorp op 15 November 1899 beset en die professore het besluit om die Skool te sluit. Drie studente het vertrek en die oorblywendes het saam met die twee professore van die Literariese Afdeling by die Ambulanskorps van die Rooikruis aangesluit. Laasgenoemde het besondere diens gelewer by die Slag van Stormberg wat op 10 Desember 1899 plaasgevind het.

In hierdie tyd het die professore in die boerelaers gepreek en die burgers geestelik bedien. Ten minste 15 van die studente wat by Stormberg was, is later aangekla en prof. Cachet, ds. LP Vorster en teologiese student WJ de Klerk is met tye op aanklagte van hoogverraad in die tronk opgesluit. Die Engelse owerheid besluit om nie al 500 rebelle wat gevang is, tereg te stel nie, maar het enkeles in die openbaar om die lewe gebring en baie mense is gedwing om dit te aanskou.

Prof. Cachet het van die veroordeeldes geestelik bygestaan. Cachet se verhoor het die dag ná sy gevangeneming op 5 Maart 1901 begin, maar die aanklagte was só verwarrend en die getuies só onbetroubaar dat dit op niks uitgeloop het nie. Ná ses weke is hy op borgtog vrygelaat.

In dieselfde jaar sneuwel sy seun Calman, wat ook 'n teologiese studente was, buite Steynsburg.

Teologiese Skool heropen

Nadat die Britte Burgersdorp ingeneem het, het die Teologiese Skool weer op 1 April 1900 met sewe studente geopen. Geleidelik het dit weer aangegroei tot 20, maar in 1901 beveel die Engelse owerhede dat alle studente wie se ouers nie in Burgersdorp woon nie, binne 24 uur moes huis toe gaan – en die getalle krimp weer tot 5. Die professore het weens die finansiële nood die helfte van hulle traktement afgestaan.

Nege studente is uiteindelik krygsgevange geneem, waarvan drie onderskeidelik na Indië, Ceylon en Bermuda gestuur is. Drie studente het gesneuwel. Ná die oorlog het die rektor soos gevolg gerapporteer: "Meer as eens het dit in die drie jaar wat agter ons lê, geskyn asof die Kerk en die Skool sou ondergaan deur die geweld van die storms wat ons dierbare land geteister het." Kort daarna sou die proses om die Skool uit Burgersdorp te verskuif, gefinaliseer word.

Prof. Bouke Spoelstra som die waarde van die Teologiese Skool Burgersdorp soos volg op: "… (dit) moet nie primêr gesoek word in 'n eie akademiese teologiese bydrae nie. Sy waarde lê in die manne wat hy opgelei het as Gereformeerde predikante en ook vir ander beroepe. Van sy grootste waarde was die skool hom skaars bewus, naamlik die innerlike gees en roepingsbewustheid waarmee hy mense besiel het om in gehoorsaamheid aan God as diensknegte vir God te arbei op elke lewensterrein." DK